Dit is my voorreg om u almal hier te verwelkom by die bekroningsgeleentheid van die Akademie hier op Stellenbosch.

Sedert my inhuldiging as Rektor van die Universiteit Stellenbosch (op 11 April 2007) is ek genader deur alumni van die universiteit sowel as enkele leiers van ‘n statutêre liggaam om in die lig van die idee van ‘n pedagogie van hoop, my standpunt te stel oor die hoop vir Afrikaans.

Hoop is maar soos moraliteit. ’n Taal het nie ’n moraliteit nie. Net so het ’n taal ook nie hoop of wanhoop nie. Wat wel waar is, is dat die sprekers van ’n taal, soos Breyten Breytenbach tereg argumenteer, die kwaad- of goeddoeners van die wêreld is. Hulle kan wel die taal gebruik of misbruik as instrument vir hulle kwade bedoelings, maar hulle kan ook soos die kunstenaars ’n taal se dieptes en reikwydte ontgin, om skoonheid te skep, die gemeenskaplike goed te dien, en die menslike gees te vernuwe en te verbly.

Dieselfde is waar vir die verhouding tussen hoop en ’n taal. Dit is mense wat hoop of wanhoop koester. ’n Taal kan nie wanhopig wees nie, maar mense kan wel. Die soeke na hoop in ’n samelewing deur die wetenskap vereis ook ’n fokus op mense. Ons wil aan hierdie universiteit ons bydra lewer tot hoopvolle samelewings wat deur die lens van die wetenskap die moontlikhede van die toekoms kan sien en kan najaag.

Die beginsel geld uiteraard ook vir  Afrikaanssprekende mense. As Stellenbosch die ruimte kan word van Afrikaanssprekendes veral hier in die Wes-Kaap (waaruit ons nog steeds 60% van ons studente trek) waar mense mekaar ontmoet, leer waardeer en respekteer in hul onderskeie taalvariante dan het ons alreeds ’n belangrike bydra gelewer tot die vestiging van ’n hoopvolle toekoms vir die Wes-Kaap.

Ek het die “hoop vir Afrikaans” soos dit vergestalt word in hoopvolle Afrikaanssprekendes, op ’n keer samevattend probeer formuleer deur te sê dit gebeur elke keer wanneer die dogter van die plaaswerker dieselfde geleenthede tot hoër onderrig kry as die seun van die plaasboer. Die dogter van die plaaswerker vorm deel van die grootste getal Afrikaanssprekende mense in Suid-Afrika. Die grootste uitdagings vir die toekoms van Afrikaans as wetenskapstaal lê in die bydrae wat deur mense uit haar gemeenskap tot die wetenskap gemaak moet word.

Die huidige verhaal van haar deelname koers aan die wetenskap is tragies. Die diskrepansie van die deelname koers van wit Afrikaanssprekende mense teenoor bruin Afrikaansprekende mense is skrikwekkend. Laasgenoemde het ’n deelname koers van 4,5%, terwyl wit Afrikaansprekende mense se deelname koers in die orde van 51% is.

Hierin lê die verskil tussen hoop en wanhoop. Wanneer mense die moontlikheid van hoër onderwys nie meer sien nie, wanneer dit nie vir hulle ’n moontlikheid blyk nie, val hulle terug en word maklik ’n werker in iemand se kombuis, ’n rakpakker in ’n winkel, ’n mens sonder ’n toekoms horison. Die US wil sy bydra maak tot die hoop van Afrikaanssprekendes om te verseker dat die groot kloof tussen hoop en wanhoop oorbrug word met baie konkrete planne en aksies met Afrikaans as ons verstektaal.

Ons wil al hierdie dinge doen met ’n inklusiewe benadering om Afrikaans te posisioneer as erkende en gewaardeerde element van ons Suid-Afrikaanse taalerfenis. Daardeur skep ons die voedingsbron, die platform vir die hoop van alle Afrikaansprekendes. Dít aan die een kant. Aan die ander kant gaan ons die ruimtes skep, inisiatiewe loods om progressiewe denkers en wetenskaplikes in Afrikaans, wie se standpunte in ’n vorige bedeling begroet is met verguising omdat hulle sogenaamd

andersdenkend was, te erken as essensiële bydraes in die bevordering van vryheid van denke, groter reg en geregtigheid en die herstel van die menswaardigheid van alle mense. Hier dink ek aan skrywers, akteurs en kunstenaars wie se werk deur die destydse politieke bril beoordeel is, sonder enige erkenning van hul bydraes op uiteenlopende terreine. Deur sodanige erkenning en die terugbring en herwaardering van hul werke bevestig ons die hoop vir Afrikaanse mense in ’n diverse konteks. Hierdie erfenis is nie net belangrik vir ons verlede nie, maar ook vir ons hede en ons toekoms  Die huidige tyd vereis nou, net soos toe, kritiese andersdenkendes om ons land se toekoms te help verseker. Sulke andersdenkendheid moet in onsAfrikaanse gemeenskappe behoue bly.  Dit is immers ons werk as ’n universiteit van uitnemendheid om daardie kritiese ingesteldheid te kweek wat so onmisbaar is vir die goeie gewete van die samelewing.

In ons strewe vir hoop vir almal,  waardeer ons die US se verhouding met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, want ons glo dat ons in die Akademie ’n deelgenoot het in die realisering van hoop vir al ons mense. Die Akademie staan op die drumpel van sy Eeufeesjaar. Die Universiteit van Stellenbosch wil die Akademie by geleentheid van hierdie historiese bekroningsplegtigheid gelukwens. Ons doen dit veral met die vertroue dat  die volgende honderd jaar sukses en hoop vir almal in die Afrikaanse wetenskap sal bring.

Aan al die ontvangers van toekennings hier vanaand – baie geluk en mag die toekoms nog vele hoogtepunte vir u inhou. Met u werk skep u ons nuwe wêreld en ons beter lewe. Weereens baie welkom en baie dankie dat u na my geluister het.